



**KENMARE
MARLOTHII NPC**

NPC REG: 240-222NPO

DIE MOS
inisiatief

MEDIAVERKLARING

DIE MOS SKOLE GROEP SPOG NOU MET KLEUTERSKOOL IN KRUGERSDORP, KNIKKIEVALLEI

Vir onmiddellike vrystelling

Maandag 2 September 2024:

Dit is met groot opgewondenheid dat Die MOS Inisiatief, in samewerking met die Kenmare Marlothii NPC ("Marlothii"), die jongste toevoeging tot die reeds bestaande skole van die groep en Marlothii aankondig. Knikkievally, geleë oorkant Laerskool Kenmare in Krugersdorp, sal vanaf Januarie 2025 sy eerste leerders verwelkom.

Knikkievally werk nou met Laerskool Kenmare saam om 'n naatlose oorgang vir leerders vanaf die kleuterskool na die laerskool te verseker. Dit voldoen ook aan Die MOS Inisiatief se mandaat om 'n pyplyn van Afrikaanse onderrig in groeiende Afrikaanse gemeenskappe te verseker en uit te bou.

Knikkievally verwelkom kinders vanaf die ouderdom van vier maande tot vyf jaar (graad RR), waarna hulle in Laerskool Kenmare se graad R-klasse sal inskakel. Knikkievally is tot die behoud van hul kultuur, met 'n fokus op Afrikaans en Christelike waardes, verbind. Die skool strewende daarna om kinders te leer om met respek op te tree. Vaardighede wat in die vierde nywerheidsrewolusie benodig gaan word, word reeds hier ontwikkel ten einde kinders voor te berei vir sukses in 'n immer-veranderende toekoms.

Kenmare Marlothii NPC word deur 'n span van vier direkteure, almal ouers met kinders in Laerskool Kenmare, bestuur. Hulle is passievol oor die groei en vooruitgang van die skool en bring waardevolle kundigheid na die tafel.

Die Marlothii-direkteure is:

- Elismé Taylor, 'n praktiserende prokureur wat in 2012 toegelaat is. Sy het die afgelope tien jaar reeds haar eie praktyk en spesialiseer in kommersiële- en konstruksiereg.
- David Botha is 'n professionele rekenkundige wat by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrieerde Rekenmeesters geregistreer is en het meer as tien jaar ondervinding in die finansiële sektor.



KENMARE MARLOTHII NPC

N P C R E G : 2 4 0 - 2 2 2 N P O

DIE MOS
inisiatief

- Wim Krynauw, is soos me. Taylor 'n praktiserende prokureur en is in 1999 toegelaat. Hy is die stigter van Wim Krynauw Prokureurs en spesialiseer in persoonlike beseringseise. Hy is ook 'n boer wat blaarslaai verbou.
- Ramon Kruger, die derde praktiserende prokureur van die direkteurgroep is in 2014 toegelaat en is 'n direkteur by Smith Kruger en Viljoen Inc. Hy spesialiseer in familiereg, insluitend egskedings, kontak met kinders, en gesinsgeweld.

Hierdie bekwame span se passie vir Afrikaanse moedertaalonderrig is die droom agter Knikkievallei en ook die inspirasie agter die skool se wapen, 'n kindervriendelike aalwynfiguurtjie. "Die Marlothii-aalwyn simboliseer veerkragtigheids groei. Dié aalwyn verteenwoordig die diep wortels van Kenmare in die gemeenskap en skep 'n gevoel van kontinuïteit vanaf kleuterskool, na laerskool en selfs tot hoërskool," sê me. Elismé Taylor, stigtersdirekteur van Knikkievallei. "Die logo kommunikeer die skool se toewyding tot uitnemendheid en groei en moedig kinders aan om te leer, foute te maak en in 'n ondersteunende omgewing te gedy. Die verweefde blare van die Marlothii-aalwyn simboliseer die soomlose oorgang en progressie van vroeëkindertontwikkeling tot hoëronderwys," verduidelik sy die diep simboliek agter die ondeunde gesiggie.

"Dit is vir ons 'n voorreg om Knikkievallei in ons midde te verwelkom," sê Roedolf van der Westhuizen, uitvoerende hoof van Die MOS Inisiatief. Die MOS Inisiatief is 'n privaat maatskappy wat deur die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO) gestig is met die doel om 'n innoverende, inklusiewe, bekostigbare, volhoubare en toekomsgerigte skolenetwerk daar te stel, wat leerders vir die vinnig veranderende wêreld waarin ons onself tans bevind sal voorberei.

Die MOS Inisiatief het reeds verskeie suksesvolle modelle van onderrig en spog met jare se ondervinding in opvoedkunde. "Opvoedkunde, en spesifiek skole vorm die ruggraat van enige gemeenskap," sê Roedolf van der Westhuizen. Hy gaan voort: "Die waardes en wêreldbeskouing van mense word in die vormingsjare van kinders neergelê. Ons is dus nou besig om die toekoms te vorm."

Die direksie bestaan uit dr.Theuns Eloff (voorsitter), Eric Wasserman (finansiële kundige, voorheen van Absa), prof. Debra Meyer (Adjunk-visekanselier Onderrig en Leer by Sol Plaatje Universiteit), Verna Stuurman (onderwyskenner) en Roedolf van der Westhuizen CA(SA) (uitvoerende hoof).

Roedolf van der Westhuizen nooi die gemeenskap uit om saam met Die MOS Inisiatief en Kenmare Marlothii NPC hierdie opwindende reis te begin en 'n veilige, stimulerende omgewing vir die jong generasie en leiers van die toekoms te skep.



KENMARE MARLOTHII NPC

N P C R E G : 2 4 0 - 2 2 2 N P O



Einde.

Woordtelling: 652

Meer oor Die MOS Inisiatief

Die MOS Inisiatief is 'n privaat maatskappy wat deur die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO) gestig is met die doel om 'n Afrikaanse skole netwerk daar te stel om uitmuntende onderrig in Afrikaans te verseker en uit te bou.

Die doelwit van die organisasie is om in Afrikaans 'n innoverende, inklusiewe, toeganklike, volhoubare en toekomstgerigte leerstelsel te bou, waar kinders so verlief raak op leer dat hulle lewenslange leerders sal wees en verby die vierde nywerheidsrewolusie sal floreer.

Kontakbesonderhede:

Roedolf van der Westhuizen
Uitvoerende Hoof
roedolf@diemos.co.za
+27 12 880-293

De Wet Coetsee
Hoofdekoördineerder
dewet.coetsee@diemos.co.za

Meer oor Kenmare Marlothii NPC:

Die Kenmare Marlothii NPC is 'n geregistreerde, nie-winsgewende maatskappy en funksioneer onafhanklik en apart van Laerskool Kenmare. Kenmare Marlothii NPC dien as voertuig vir Laerskool Kenmare om addisionele fondse te genereer ten einde te verseker dat die skool behoue bly. Die fondse wat deur die Kenmare Marlothii NPC gegeneer word, word op verskeie maniere in oorleg met die skool se bestuur in die skool teruggeploeg.

Kontakbesonderhede:

Elismé Taylor
Direkteur
kenmaremarlothiinp@gmail.com



KENMARE MARLOTHII NPC

N P C R E G : 2 4 0 - 2 2 2 N P O

Meer oor Knikkievallei:



Knikkievallei

Bestaansrede van Knikkievallei:

Knikkievallei bedryf 'n kleuterskool wat Laerskool Kenmare se waarde-aanbod uitbrei en die pyplyn vir Afrikaanse onderrig te verseker en uit te bou, sodat Laerskool Kenmare oor baie jare steeds 'n topskool, wat sy Afrikaanse en Christelike karakter behou, sal wees.

Waardes:

- Toekomsgerig, innoverend en relevant
- Ons tree met respek op
- Behoud van kultuur (Afrikaans en Christelik)

Kontakbesonderhede:

Elismé Taylor

Direkteur van Kenmare Marlothii NPC

hoof@knikkievallei.co.za

+27 68 637 8995

Nota aan redaksie:

Datum vrygestel: Woensdag 4 September 2024, Pretoria - vir onmiddellike gebruik.

Kontak: info@diemos.co.za